KENNISGEWING 34 VAN 2019

GEDEELTE 200 VAN DIE PLAAS NOOITGEDACHT No. 434-IP, EN DIE RESTANT VAN DIE PLAAS VAALKOP No. 439-IP

STAD VAN MATLOSANA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
WYSIGINGSKEMA 1194 (HERSONERING), EN BYLAAG 1176

Ek Joze Maleta, synde die gemagtigde agent van die eienaars van Gedeelte 200 van die plaas Nooitgedacht No. 434-IP, en die Restant van die plaas Vaalkop No. 439-IP, Noord-Wes Provinsie, gee hiermee ingevolge Artikel 41(1)(a),(2)(b)(c)(d) van die wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (wet 16 van 2013), saamgelees met Artikels 62(1), 67, 73, 94(1)(a)(b), 95(1) en 96 van die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipalitiet se Ruimtelike Beplannings en Grond gebruikbestuurverordening, 2016 (SPLUMA By-wette), asook Artikel 6(1) van die Verdeling van Grondordonnansie, (Transvaal), 1986 (Ordonansie 20 van 1986), kennis dat ek by die Matlosana Plaaslike Munisipaliteit aansoek gedoen het vir die verandering van die grondgebruiksregte, (ook bekend as hersonering) van die Eiendom, onderverdeling, asook vir die konsolidasie daarvan. **(A)** Die voorneme is om Gedeelte 200 van die plaas Nooitgedacht No. 434-IP te onderverdeel in twee Gedeeltes, asook die Restant van die plaas Vaalkop No. 439-IP te onderverdeel in twee Gedeeltes; **(B)** en daarna Gedeelte A (groot ongeveer 232,7267Ha), en Gedeelte B (groot ongeveer 56,9088Ha) te konsolideer; **(C)** en dan te hersoneer vanaf "Mynbou en steengroefwerke" na "Spesiaal " vir die doeleindes van 'n Sonkrag opwekkings aanleg met 'n kantoor, beheerkamer, werkswinkel vir onderhoud, stoorkamer en hekhuisie en verwante bedrywighede, met die toestemming van die Plaaslike Owerheid, soos omskryf in die Wysigingskema 1194 en Bylaag 1176; **(D)** die volgende aangrensende eiendomme: Restant van Gedeelte 1 van die plaas Townlands of Klerksdorp No.424-IP, Gedeelte 3 van die plaas Zandpan No.423-IP, Gedeelte 170 van die plaas Nooitgedacht No.434, asook eiendomme in die onmiddelike omgewing van die Eiendom kan moontlik hierdeur geraak word.

Enige besware of kommentaar, met gronde daarvoor asook kontakbesonderhede, moet skriftelik ingedien word binne 'n tydperk van 30 dae vanaf die datum van publikasie van die kennisgewing na die Stad van Matlosana Plaaslike Munisipaliteit: Kantoor van die Munisipale Bestuurder, Bram Fischerstraat, Burgersentrum, Rekords afdeling, Keldervloer, Klerksdorp, 2570 of Posbus 99, Klerksdorp, 2570. Sluitingsdatum vir enige besware: 17 April 2019.

Enige persoon wat nie kan skryf nie, kan tydens kantoorure bogenoemde addres besoek waartydens die beamptes van die stadsbeplanningsafdeling daardie persoon behulpsaam sal wees ten einde hul besware of kommentare te transkribeer. Besonderhede van die Aansoek en planne (indien enige) is beskikbaar vir inspeksie en insae gedurende gewone kantoorure by die bovermelde kantore, vir n tydperk van 30 dae van die datum van publikasie van die kennisgewing op die 19 en 26 Maart 2019. Sluitingsdatum vir enige besware: 17 April 2019.

ADRES VAN AGENT: JOZE MALETA, POSBUS 1372, LEASKSTRAAT 95, KLERKSDORP, 2570, KONTAKNOMMER: 018 462 1991, info@jmland.co.za

19–26